



**‘N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE
SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT OP
DINSDAG 29 JULIE 2014 OM 08:30
KIEPERSOLRANT - BLOEMFONTEIN**

AGENDA

1. OPENING EN VERWELKOMING

Kragtens die Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2013 (Reglement van Orde) bladsy 190 punt 1.6:

“Op 'n buitengewone vergadering van die Sinode of die Ring neem die voorsitter van die Moderamen of Ringskommissie die leiding vir die konstituering van die vergadering, waarna die vergadering sy eie voorsitter kies vir die afhandeling van die geslote agenda.”

Ds Helgard Janse van Rensburg is die waarnemende voorsitter van die Moderamen en neem daarom genoemde verantwoordelikheid om die vergadering te konstitueer.

2. KONSTITUERING

Die Geloofsbriewe word in ontvangs geneem deur die Skriba en nagegaan deur die Sinodale Taakspan Kerkorde met die oog op die konstituering van die vergadering.

Aanbeveling:

Die waarnemende voorsitter verklaar die sitting van die Buitengewone Sinode as behoorlik gekonstitueer.

3. KENNISGEWING VAN BUITENGEWONE SINODESITTING

3.1 Kragtens die Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat 2013 besluit 34.2 by Artikel 34 bladsy 20 kan die Moderamen 'n buitengewone vergadering bepaal:

“'n Buitengewone vergadering kan deur die moderamen bepaal word of regstreeks of wanneer minstens vyf kerkrade uit verskillende ringe met opgaaf van redes daarvoor aansoek doen.”

3.2 Die Skriba het op 2 Mei 2014 in die *Kerkbode* kennis gegee van die vergadering van die Buitengewone Sinode kragtens die Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat 2013 besluit 34.3 by Artikel 34:

“'n Gewone sowel as 'n buitengewone vergadering van die Sinode word deur die skriba van die Moderamen deur middel van 'n kennisgewing in die Kerkbode byeengeroep.”

4. VERKIESING VAN VOORSITTER

Reëlins oor verkiesing:

Dr Dawie Botes is aangewys as leier van die stemopnemers.

Die personeel help met opneem en tel van stembriefies.

Aanbeveling:

Die Sinode bekragtig die aanwysing van dr Dawie Botes as leier van die stemopnemers en dat die personeel behulpsaam is met die opneem en tel van stembriefies.

5. ALGEMENE SAKE

Punte 5.1 – 5.7 kan behandel word terwyl die verkiesing van die Voorsitter afgehandel word.

5.1 BEPALING VAN SITTINGSTYE

07:00 – 08:30	Registrasie
08:30 – 09:00	Konstituering, opening en verwelkoming, verkiesing van voorsitter
09:00 – 09:30	Pastorale gesprek (Ds Helgard Janse van Rensburg) – BI 3
09:30 – 09:45	Eenheid vir Barmhartigheidsdienste (Verslag oor ENGO) - BI 4
09:45 – 10:30	Raad vir Eenheid vir Ondersteuning (Verslag oor Argief) - BI 5 - 11
10:30 – 11:00	Tee
11:00 – 11:15	Kerkorde Artikel 1, stel van die verslag van die Interimkomitee - BI 11 - 28
11:15 – 11:45	Skoling in die proses
	Standpuntstelling - Kerkorde Artikel 1:
11:45 – 12:05	Prof Johann Janse van Rensburg
12:05 – 12:25	Ds Jan Lubbe
12:25 – 12:30	Aankondigings
12:30 – 13:20	Middagete
13:20 – 14:00	Sprekers beantwoord vrae aan hulle gestel
14:00 – 14:30	Tafelgesprek
14:30 – 16:00	Oop gesprek en debat
16:00 – 16:15	Tee
16:15 – 16:45	Besluitneming
16:45 – 17:00	Afsluiting

Aanbeveling:

Die Sinode keur die sittingstye goed.

5.2 KOSTE SINODE

Die Moderamen het geoordeel dat in die lig van die Kerk se finansiële omstandighede die koste van die buitengewone sinodesitting so laag as moontlik gehou moet word. Daarom is besluit om nie daggeld uit te betaal nie, maar om wel voorsiening te maak vir 'n ligte middagete. Die kantoor van die Direkteur: Eenheid en Ondersteuning het 'n kosteberekening van die Sinode gemaak en so vasgestel dat elke gemeente R150 per afgevaardigde moet bydra.

Aanbeveling:

Die Sinode keur die bedrag van R150 per afgevaardigde per gemeente goed.

5.3 REISKOSTE

Reiskoste vir een motor per gemeente (landelike en hoewe-gemeentes) teen R1.50 per kilometer-tarief sal uitbetaal word.

Aanbeveling:

1. Die Sinode besluit dat reiskoste vir afgevaardigdes buite Bloemfontein teen R1.50 per km vir die retoerrit betaal sal word.
2. Reiskoste word slegs uitbetaal vir een voertuig per gemeente.

5.4 BENOEMING VAN 'N NOTULEKOMMISSIE

Di Johann Kemp (Cornelia), Hansie Swart (Fauna) en Arno Kotze (Bultfontein-Oos) is benoem as Notulekommissie.

Aanbeveling:

Die Sinode keur goed dat die Skriba bogenoemde persone benoem het om in die Notulekommissie te dien.

5.5 SPREEKBEURTE VANAF MIKROFONE

Afgevaardigdes wat 'n spreekbeurt wil hê, moet van die mikrofone op die vloer van die saal gebruik maak.

U moet voordat die punt waarvoor u wil praat aan die orde gestel word, reeds u plek by 'n mikrofoon inneem en wag op 'n spreekbeurt.

Aanbeveling:

1. Die Sinode neem kennis dat spreekbeurte vir voorstellers van 'n bepaalde punt tot vyf minute beperk word.
2. Die Sinode neem kennis dat sprekers wat aan 'n debat deelneem se spreekbeurt tot drie minute beperk word.

5.6 VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

Voorstelle en amendemente word deur middel van 'n digitale projektor op 'n skerm geprojekteer sodat dit sigbaar is vir alle afgevaardigdes. Afgevaardigdes wat voorstelle of amendemente wil indien, moet dit op die amptelike vorm wat daarvoor voorsien word, doen en betyds by die Notulekommissie inhandig om op rekenaar geplaas te word.

Aanbeveling:

1. Die Sinode besluit dat slegs voorstelle en amendemente wat op die amptelike vorms uitgeskryf is, ontvanklik is.
2. Die Sinode versoek elke indiener van 'n voorstel of amendement om betyds (voordat die punt aan die orde gestel word) die voorstel of amendement by die Notulekommissie in te dien.
3. Die Sinode gee opdrag aan die Notulekommissie om elke voorstel of amendement te nommer met die oog daarop dat dit in die rekenaar ingesleutel kan word en wanneer dit aan die orde gestel word, deur middel van die digitale projektor op die skerm geprojekteer kan word. 'n Kopie daarvan moet aan die voorsteller oorhandig word vir gebruik wanneer sy/haar voorstel of amendement dien.
4. Die Sinode besluit dat die Notulekommissie die voorstel of amendement voordat dit behandel word, aan die Voorsitter moet oorhandig vir die behandeling daarvan, waarna hy dit weer op sy beurt aan die Skriba oorhandig om in die notule opgeneem te word.

5.7 ONDERTEKENING VAN DIE NOTULE

Aanbeveling:

Die Sinode besluit dat die verkose Voorsitter en die Skriba die notule na verdagting namens die vergadering moet onderteken.

5.8 PASTORALE GESPREK

DIE NG KERK VRYSTAAT – ÉÉN JAAR NÁ BOTHAVILLE 2013 - "bemoedig, om te bemoedig..."
(2 Korintiërs 1:4)

- Daar het 'n gesprek onder/tussen ons oopgegaan (**by Bothaville begin...**)
 - binne die Moderamen (en die eenhede)
 - tussen die sinodale eenhede en kantoor en die gemeentes/ringe

- in ons Vrystaatse familie van (NG)-kerke
- tussen “ons” en die Vrystaatse gemeenskap/samelewing
- Daar het ‘n nóg groter realisme oor ons konteks gekom (**by Bothaville erken...**)
 - sosio-ekonomies
 - polities
 - demografies
 - kerklike moraal (leierskap/leraars)
- Daar het – met huiwering – ‘n nóg dieper oortuiging oor ons roeping gegroei (**by Bothaville ontvang...**)
 - binne die Moderamen, eenhede en kerkvergaderinge
 - in ons kommunikasie na leraars/gemeentes
 - teologiese verdieping en perspektief op ons ware identiteit
 - besef van ons historiese verankering hier
 - sensitiwiteit vir die geleentheid van die oomblik, die “kairos” (kerkbegrip)
- Daar het daadwerklik beweging en aksie posgevat (**by Bothaville opdrag gegee...**)
 - eenhede in plek gekry en in proses van transformasie
 - vestiging van EBB en aanstelling van ds Barnard Steyn
 - verkoop van die ou sinodale sentrum en aanwending van die fondse
 - besinning oor sinodale kerkkantoor (funksionering en aanstelling direkteur)
- Daar het ‘n visie posgevat: die “Jubeljaar” vir ons kerkfamilie en ons gemeenskap (**by Bothaville gebore...**)

6. SAKE VIR DIE AGENDA

6.1 EENHEID VIR BARMHARTIGHEIDSDIENSTE (ENGO)

Die Eenheid van Barmhartigheidsdienste lê die volgende verslag aan u voor:

Die doel van die verslag van ENGO is die volgende:

Eerstens: Om die Sinode se instemming te verkry om die bestuursmodel van ENGO wesentlik te verander. Dit behels dat finaal wegbeweeg word van enige vorme van burokrasie en magsgebaseerde stelsels. Die nuwe model is geskoei op die optimale benutting van die ENGO Handelsmerk (“brandname”) deur gebruik te maak van die sogenaamde “franchise” (gebruiksreg) besigheidsmodel. Dit kom daarop neer dat die eindgebruikers van die dienste (gemeentes, besighede, ander organisasies, diensontvangers en hulle families) die versekering sal hê dat eenvormige en hoë diensstandaarde te vinde sal wees by enige organisasie wat die ENGO handelsmerk gebruik. Andersyds beteken dit dat organisasies wat die ENGO handelsmerk wil gebruik aan daardie standaard sal voldoen. Deur middel van die buro-dienste wat die ENGO kantoor lewer kan die koste vir die grondvlak gebruikers wesentlik verlaag word.

Vir die Eenheid Barmhartigheidsdienste beteken dit dat hulle op hulle tone sal moet bly om ‘n kwaliteit diens aan die ENGO-dienspunte te lewer wat soveel waarde toevoeg dat sulke dienspunt-organisasies graag die ENGO handelsmerk sal wil gebruik. Dit sluit ondermeer sake in soos opleiding, buro-dienste, vakkundige- en administratiewe begeleiding, kollektiewe bedinging (by kerk, staat, vakbonde, korporatiewe donateurs ens) , hoë kwaliteit dienshandleidings, gehaltebeheer, hulp met ontwikkeling van infrastruktuur, waardetoevoeging tot die ENGO handelsmerk ensomeer. Dit beteken dat die ENGO-personeel al meer en meer ‘n buro- en staffunksie sal moet vervul en dat lynfunksies tot die absolute minimum wat die toepaslike wetgewing vereis beperk sal word .

Dit het natuurlik die implikasie dat indien alhoemeer dienspunte nie meer van die ENGO handelsmerk gebruik wil maak nie en op hulle eie wil gaan of ‘n ander heenkome soek, dit ‘n sterk aanduiding sal wees dat ENGO se relevansie in die gedrang is en ook ‘n aanduiding word daarvan of ENGO se bestaansreg nie heroorweeg moet

word nie. Dit sou tog sinneloos wees om 'n organisasie in stand te hou as die koste om dit te bedryf, die waarde wat dit toevoeg te bowe gaan .

Dit impliseer verder dat die stelsels en prosedures waarop grondvlak organisasies deel van ENGO kan word op 'n baie verantwoordelike manier gestruktureer en geformaliseer sal word.

Die tweede saak is om die instemming van die sinode te verkry oor die hantering van die scenario indien die hofsaak met die Staat moontlik verloor word. Dit kan uiteraard lei tot 'n inploffing van dienste en sal ons voor die uitdaging staan om die infrastruktuur en kontantstrome (anders as subsidie) wat oorbly ten beste aan te wend om soveel as moontlik van die dienslewering te red. ENGO sal graag met die sinode se medewete en instemming wil begin om 'n omvattende gebeurlikheidsplan in die verband op te stel.

Aanbevelings:

- 1. Die Sinode stem in dat die verhouding tussen ENGO hoofkantoor en die grondvlak dienspunte op die gebruiksreg stelsel geskoei word.**
- 2. Die Sinode stem toe dat 'n gebeurlikheidsplan ontwerp word vir implementering as die staatsubsidie vir die barmhartighedsbediening in reële terme sodanig ingekort word dat afskaling van die dienste onvermydelik is.**

WJ Botha

JP Robb

6.2 RAAD VAN DIE EENHEID VIR ONDERSTEUNING (REO)

Die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning lê die volgende verslag aan u voor:

VERSLAG OOR DIE SINODALE ARGIEF AAN DIE RAAD VAN DIE EENHEID VIR ONDERSTEUNING VIR VOORLEGGING AAN DIE BUITENGEWONE SINODE OP 29 JULIE 2014

1. INLEIDING

- 1.1 Met die verkoop van die Sinodale Sentrum in Augustus 2013, kon die Sinodale Argief nie by die nuwe adres in Van Heerdenweg 20 gehuisves word nie.

Daar was meer as een moontlikheid vir die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning, maar 'n besluit wat die Sinode in 2005 geneem het, het die moontlikhede beperk.

Die besluit wat die Sinode in 2005 geneem het, lui soos volg:

- “1. Dat argivalia die geskiedenis van die kerk verteenwoordig wat nie van die kerk en gemeente vervreem behoort te word nie. Hierdie argivalia is primêr die eiendom van die plaaslike kerk wat nie sonder gemeentes se instemming verplaas mag word nie.*
- 2. Dat historiese navorsing nie gestimuleer word deur EEN sentrale agief nie, maar wanneer argiewe en argivalia verspreid en geografies toeganklik is.*
- 3. Dat die behoud van 'n eie Argief- en Inligtingsdiens vir die NG Kerk in die OVS belangrik is in die lig van die teenwoordigheid van die Teologiese Fakulteit by die Universiteit van die Vrystaat.*
- 4. Dat, indien die Sinodale Sentrum verkoop sou word, daar in die beplanning van die alternatiewe akkomodasie voorsiening gemaak word om die Argief- en Inligtingsdiens te huisves, en*
- 5. Dat, met inagneming van punte 1 tot 4 hierbo, asook die verhoogde bedryfskoste, die Argief- en Inligtingsdiens nie na die sentrale Argief in Stellenbosch verskuif word nie.”*

Die eertydse SKOK het by monde van die voorsitter onder andere soos volg gereageer op die navraag van die eertydse SKAF wat die moontlikheid sou wees om die Argief Stellenbosch toe te skuif:

“Eerstens, die besluite van die Sinode is bindend en, indien daarvan afgewyk moet word, sal daar baie goeie redes (’n volledige motivering met syfers, ens) daarvoor moet wees. ’n Kommissie sal die Sinode moet kan oortuig dat so ’n stap absoluut onvermydelik was en dat daar geen ander opsie/uitweg was nie. U meld wel in u navrae dat die “omstandighede mbt die Sentrale Argief in Stellenbosch radikaal verander het”, maar uit die gegewens in die navraag is dit nie duidelik of daar werklik genoegsame rede(s) is om besluite 1, 4 en 5 te wysig/om te keer nie.”

1.2 AANBEVELING

Die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning versoek die Sinode van die NG Kerk Vrystaat om die besluit “Verskuiwing van die Sinodale Argief- en Inligtingskantoor van die OVS na die Sentrale Argief te Stellenbosch” in revisie te neem.

2. OPTREDE AUGUSTUS 2013

As gevolg van die besluit van die Sinode en aanbeveling van die eertydse SKOK, is besluit om die Sinodale Argief *tydelik* by **InfoFile** in Bloemfontein te huisves tot tyd en wyl daar meer duidelikheid gekom het. Die Argivaris en Argiefbeampte word tans in een kantoor by **InfoFile** geakkomodeer.

3. KOSTE VAN DIE SINODALE ARGIEF

Die jaarlikse uitgawes vir die Sinodale Argief ten opsigte van 2013 was **R744 700**. Dit sluit die salaris van die Argivaris en Argiefbeampte in, maar nie die huur wat tans vir ruimte by **InfoFile** betaal moet word nie. Die jaarlikse koste van die huur by **InfoFile** beloop ongeveer **R396 000**.

4. ARGIEFSTATISTIEK

Ter wille van meer duidelikheid, word die volgende statistiek genoem. In die jaar 30/04/2012 tot 16/04/2013 het die Argief:

- 29 fakse uitgestuur;
 - 89 rektifikasies goedgekeur;
 - 154 besoekers of navorsers ontvang;
 - 294 navorsingsopdragte afgehandel;
 - 29 inventarisse nagegaan;
 - 18 biografiese vraelyste van predikante ontvang;
 - 79 lidmaatskapbewyse en doopseëls uitgereik;
 - 4 hulp aan teologiese studente met hulle skripsies verleen; en
 - 2 nagraadse studente gehelp.
- Registerafskrifte is tans gerekenariseer tot 1902.

5. WAAROM IS DIE SAAK OP DIE AGENDA?

Die huidige reëling by **InfoFile** is ’n *tydelike reëling*. Die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning plaas die saak van die Sinodale Argief op die agenda vir uitspraak deur die Sinode.

6. WAT IS DIE MOONTLIKHEDE?

6.1 BOU ’N EIE ARGIEF (VERWYS 7.1)

SKAF het jare gelede navorsing gedoen wat die koste sou wees om ’n Sinodale Argief van nuuts af te bou, in te rig en te bedryf.

Volgens ’n skrywe van **31 Mei 2004** van dr AS Erasmus, destydse voorsitter van die Sinodale Argiefkommissie het die boukoste toe op **R1 900 000** te staan gekom om te voorsien in die Argief se behoefte van 380 m², wat bereken is teen R5 102 per m². (Die “geskatte” boukoste was toe skynbaar in die omgewing van R5 000 000.) Die eertydse SKAF het nie kans gesien om hierdie moontlikheid te oorweeg nie, aangesien dit ’n baie duur moontlikheid was.

Tans is die Argief se behoefte aan bergspasie 804 m². Indien dieselfde tarief van R5 102 per m² soos in 2004 gebruik word sal die boukoste die bedrag van **R4 102 000** beloop. Indien ’n jaarlikse

eskalasie van slegs 4% per jaar in die tarief ingebou word sal die tarief verhoog na **R7 855 per m²**. Dit bring mee dat die boukoste vir die Argief, bereken teen 804 m² teen R7 855 per m² die bedrag van **R6 315 000** beloop.

Benewens die boukoste, moet sake soos die munisipale rekening, onderhoud, skoonmaakdienste en die salarisse van die personeel bygereken word.

6.2 RIG 'N EIE ARGIEF IN (VERWYS 7.2)

- a) Die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning het in 2014 die moontlikheid ondersoek om die Bybelhuis aan te koop en die bestaande geboue in 'n Sinodale kantoor en -Argief te omskep. Die kwotasie van 'n bou-aannemer vir die omskepping van slegs die argief-gedeelte was R 1 914 000. Hierby is geen rakke of toerusting ingesluit nie. Die aanname is ook gemaak dat die bestaande vloer en fondasies sterk genoeg sou wees en geen voorsiening vir versterking van hierdie twee items is by die bogemelde kwotasie ingesluit nie. Met die besluit om nie die Bybelhuis aan te koop nie het hierdie opsie egter verval.
- b) Die moontlikheid van die omskepping van die kerksaal van Bloemfontein-Wes gemeente in 'n argief is ook ondersoek. Daar is met 'n argitek en ingenieur gesprek gevoer om vas te stel of so moontlikheid haalbaar is. Beide persone is van mening dat dit 'n onekonomiese opsie is, aangesien baie strukturele veranderinge aan die bestaande kerksaal se vloer en mure gedoen sou moes word. Die koste vir die verandering sou vir die Sinode se rekening wees en aangesien die kerksaal nie aangekoop sou kon word nie, sou dit 'n situasie skep waarin die Sinodale Argief op 'n die gemeente se eiendom ingerig word. Die koste hieraan verbonde sal ± R1 900 000 beloop plus 'n maandelikse huur van ± R30 000.

6.3 BLY BY INFOFILE (VERWYS 7.3)

Die huidige reëling is hoogs 'n tydelike maatreeël in die lig van die koste en moeilike toeganklikheid van enigiemand wat die Argief wil besoek. Benewens die maandelikse huur wat die Sinode aan **InfoFile** betaal, moet elke persoon wat inligting wil bekom, ook persoonlik 'n fooi vir elke item wat "getrek" word, betaal. Die kantoorruimte wat beide personeellede moet gebruik, is beknop en daar is geen kontak/kontrole van die kant van die sinodale kantoor nie.

Benewens die bergingskoste van plus minus R30 000 per maand is 'n verdere huur van ± R3 000 per maand ten opsigte van die kantoor wat die personeel gebruik ook betaalbaar. Die salarisse van die personeel moet ook nog hierby gereken word.

6.4 VERSKUIF DIE ARGIEF NA DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT (VERWYS 7.4)

Na 'n uitgebreide moderamenvergadering op 19 Julie 2013, is informele gesprekke met die Universiteit van die Vrystaat gevoer. Die Universiteit was baie begerig om die argivalia van die NG Kerk as skenking te ontvang.

Die aanvanklike, eenmalige koste om die Sinodale Argief by die Universiteit in te rig, sal ongeveer R800 000 kos. Dit sluit nie die vervoerkoste van die argivalia vanaf Infofile na die Universiteit in nie. Geen maandelikse fooi of bergingskoste is na die aanvanklike koste betaalbaar nie.

Die skriftelike argiefstukke word, per ooreenkoms, deur die Kerk op 'n bruikleenbasis herroeplik aan die Universiteit geskenk vir bewaring.

Beide die huidige argiefpersoneel kan op die Universiteit se perseel gehuisves word, maar bly steeds 'n uitgawe vir die Kerk. Volgens ooreenkoms sal die Kerk onbepaald gebind word om twee voltydse personeellede aan die Universiteit te voorsien vir die bedryf van die Kerk se argief.

6.5 VERSKUIF DIE ARGIEF NA DIE SENTRALE ARGIEF IN STELLENBOSCH (VERWYS 7.4)

Die Sentrale Argief in Stellenbosch waar 7 van die sinodes van die NG Kerk se argivalia tans bewaar word, het op 16 Februarie 2013 skriftelik van die Saakgelastigde van die Sinode van Wes- en Suid Kaapland en Inligtingsbeampte van die Algemene Sinode, ds Bossie Minnaar, die versekering gekry dat die argivalia van die NG Kerk Vrystaat ontvang kan word. In die brief het hy ook 'n kwotasie vir die koste gegee. Die inhoud van die brief is op 14 April 2014 persoonlik deur dr Pieter van Jaarsveld (Voorsitter van die REO) met ds Minnaar in die Kaap bevestig.

Die Sentrale Argief het nog 2 kilometer oop rakke beskikbaar. Die argivalia van die NG Kerk Vrystaat kan ontvang word. Met ander woorde die fasiliteite is reeds geskep en vir die Vrystaatse Kerk beskikbaar. Sewe van die ander sinodes maak reeds daarvan gebruik.

Die allesinsluitende fooi is **R337 680,00** per jaar.

Die Sentrale Argief het tans 'n vakature vir 'n Argivaris en is gewillig om met die NG Kerk Vrystaat te onderhandel om die pos vir die Argivaris aan te bied. Die koste om die argiefstukke na Stellenbosch te vervoer beloop ±R47 000 plus BTW.

7. WAT IS DIE FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR DIE NG KERK VRYSTAAT?

7.1	<u>BOU 'N EIE ARGIEF</u>	EENMALIG	TOTAAL
	Boukoste	6 315 000	6 315 000
	Instandhouding	12 000	
	Munisipale rekening	102 000	
	Salaris Argivaris	341 800	
	Salaris Argiefbeampte	<u>136 400</u>	<u>592 200</u>
	Totaal	6 315 000	R6 907 200
7.2	<u>RIG 'N ARGIEF IN</u>		
	Boukoste	1 914 000	1 914 000
	Instandhouding	12 000	
	Munisipale rekening	102 000	
	Salaris Argivaris	341 800	
	Salaris Argiefbeampte	<u>136 400</u>	<u>506 200</u>
	Totaal	1 914 000	R2 420 200
7.3	<u>INFOFILE</u>		
	Huurkoste	396 000	396 000
	Salaris Argivaris	341 800	341 800
	Salaris Argiefbeampte	<u>136 400</u>	<u>136 400</u>
	Totaal	R874 200	R874 200

7.4 **KOSTEVERGELYKING TUSSEN 6.4 EN 6.5**

Die volgende kostevergelyking oor 'n 10 jaar periode is tussen opsie **6.4 en 6.5** gedoen.

R800 000 word uit die Kerk se beleggings onttrek en aan die Universiteit betaal vir die installering van rakke.

Kapitaal plus verlies aan opbrengs						"A"
R800 000 teen 14% oor 10 jaar						
Tydperk in jare	Jaartal	Kapitaal	Groeikoers	Opbrengs	Totaal	
1	2014	800 000	14	112 000	912 000	
2		912 000	14	127 680	1 039 680	
3		1 039 680	14	145 555	1 185 235	
4		1 185 235	14	165 933	1 351 168	
5		1 351 168	14	189 164	1 540 332	
6		1 540 332	14	215 646	1 755 978	
7		1 755 978	14	245 837	2 001 815	
8		2 001 815	14	280 254	2 282 069	
9		2 282 069	14	319 490	2 601 559	
10		2 601 559	14	364 218	2 965 777	2 965 777
		R 2 965 777		R 2 165 777		

In die berekening gemerk "A" is die kapitaal wat aan die UV betaal sal moet word nl. R800 000 geneem en is die verlies aan opbrengs oor 'n 10 jaar tydperk bereken.

Verloor beleggingsgroeï @ 14% ter waarde van R2 165 777 oor 10 jaar plus die aanvanklike belegging van R800 000 wat uit fondse onttrek word. 'n Totaal dus van **R2 965 777**.

Koste Argief (Salaris plus dag tot dag uitgawes)						"B"
Indien Argief by Universiteit gehuisves word.						
Tydperk in jare		Koste	Eskalasie %	Koste	Totaal	
1		560 000	6	33 600	593 600	
2		593 600	6	35 616	629 216	
3		629 216	6	37 753	666 969	
4		666 969	6	40 018	706 987	
5		706 987	6	42 419	749 406	
6		749 406	6	44 964	794 371	
7		794 371	6	47 662	842 033	
8		842 033	6	50 522	892 555	
9		892 555	6	53 553	946 108	
10		946 108	6	56 766	1 002 875	1 002 875
		R 7 381 245		R 442 875		

In die berekening gemerk "B" word getoon dat die huidige koste om die Argief te bedryf ± **R560 000** per jaar behoop. Indien die Argief by die UV gehuisves word, sal die koste wat bestaan uit die salarisse van 2 persone (R478 200) plus dag tot dag uitgawes soos telefoon/internet/admin/ouditfooi (R81 800) wat steeds aangegaan sal moet word, oor 'n tydperk van 10 jaar eskaleer na **R946 108** per jaar. Die koste oor 'n 10 jaar periode sal dus **R7 381 245** behoop.

Om die **totale** koste oor 'n 10 jaar periode by die Universiteit te bepaal (opbrengsverlies plus bedryfskoste) moet "A" (**R2 965 777**) by "B" (**R7 381 245**) getel word. Die koste sal dus **R10 347 022** behoop.

Koste Stellenbosch Argief (Salaris plus Stoorkoste)						"C"
Tydperk in jare	Jaartal	Koste	Eskalasië %	Koste	Totaal	
1	2014	475 000	6	28 500	503 500	
2	2015	503 500	6	30 210	533 710	
3	2016	533 710	6	32 023	565 733	
4	2017	565 733	6	33 944	599 677	
5	2018	599 677	6	35 981	635 657	
6	2019	635 657	6	38 139	673 797	
7	2020	673 797	6	40 428	714 224	
8	2021	714 224	6	42 853	757 078	
9	2022	757 078	6	45 425	802 503	
10	2023	802 503	6	48 150	850 653	850 653
		6 260 878		375 653		

Die berekening gemerk "C" toon die koste om die Argief te bedryf. Indien die Argief in Stellenbosch gehuisves word sal die koste ± **R475 000** per jaar beloop. Dit sluit bergingskoste (R337 680) plus een personeellid se salaris (R136 800) in. Die tweede personeellid (Argivaris) word opgeneem in die Wes Kaap Sinode se personeel en sal dus nie meer 'n uitgawe vir die Vrystaatse Kerk wees nie. Die aanvanklike koste van R475 000 beloop oor 'n 10 jaar tydperk 'n bedrag van **R6 260 878**. Die noodwendigheid om 'n personeellid in Bloemfontein te behou, indien die Argief na Stellenbosch verskuif, moet ondersoek word. Indien dit gevind word dat daar nie so 'n behoefte bestaan nie kan selfs 'n verdere besparing (R136 800) teweeg gebring word.

Indien die onderskeie koste vir die tien jaar periode van hierdie twee opsies met mekaar vergelyk word, lyk die prentjie so:

Koste by die Universiteit: R2 965 777 (A) + R7 381 245 (B) = **R10 347 022**

Koste by Stellenbosch: = **R 6 260 878**

Verskil in koste: **R 4 086 144**

Benewens bostaande finansiële oorwegings, wat uiteraard deurslaggewend is, is dit egter ook belangrik om in so 'n verreikende besluit oor die verskuiwing van die argief, enkele strategiese en selfs meer prinsipiële faktore te oorweeg. Enkele faktore wat oorweging verdien is die volgende:

- Die bewaring van argiefstukke (harde kopieë) is en bly van groot belang. Dit moet met groot verantwoordelikheid gedoen word. Hierin is die Sinode die trustee van dit wat eiendomlik aan gemeentes, lidmate, navorsers, 'n breër gemeenskap asook aan 'n vorige- en 'n toekomstige geslag behoort.
- Dit gaan egter ook om 'n tweede funksie, naamlik om inligting op 'n funksionele, toeganklike en koste-effektiewe manier beskikbaar te maak. Hierdie inligting is meestal noodsaaklik vir die kerk se huidige roepingsvervulling, besluite oor die toekoms, ens. Die wyse waarop 'n argief bedryf word, is dus nie alleen 'n kerklike roeping nie, dit is as sodanig 'n bediening gerig op die wel-wese van die kerk.
- Daar sal nuut gedink moet word oor die impak van 'n immer veranderende digitale kultuur (elektroniese dokumente, harde- en sagteware, die toenemende praktyk om sonder papier-kopieë te funksioneer, ens). Hoe en waar bewaar ons huidige dokumente? Hoe hanteer ons gewone, lewende liasseersisteme?
- Indien daar besluit word dat die bou, inrig, instandhouding en bedryf van 'n eie Vrystaatse kerkargief, wat waarskynlik prinsipiël die beste opsie sou wees, maar finansiële gewoon net nie haalbaar is nie, bly daar twee opsies oor:
 - Huisvesting van die Vrystaatse kerkargief by die Universiteit van die Vrystaat (op bruikleen)

- Of die huisvesting daarvan by Stellenbosch as deel van 'n kerklike argief (saam met ten minste 7 ander sinodes)

In die oorweging van bogenoemde twee opsies, is benewens die finansiële oorweging, die volgende vrae ook belangrik:

- Hoe wys of prinsipieel korrek is dit om 'n kerklike argief te probeer vestig aan 'n staatsgesubsidieerde universiteit? Onthou, dit bly die kerk se eiendom wat binne die universiteit moet funksioneer, op bruikleen, met ons eie personeel wat dit moet bedryf – dus prinsipieel anders as ander argivale “skenkings” wat die universiteit se eiendom word. Gaan die universiteit, wat uiteraard eie doelwitte en fokusse moet nastreef, finansiële teikens moet behaal, nie voorkeur aan bepaalde kerke kan gee nie, ens. op die langer termyn gemaklik wees met 'n kerklike argief (waarin daar primêr vir kerklike behoeftes voorsiening gemaak moet word) binne die universiteitsopset? Geld dieselfde argumente vir of teen 'n kerklike teologiese fakulteit aan 'n publieke universiteit nie maar netso vir 'n kerklike argief binne 'n universiteit nie?
- Dit is dus ook 'n prinsipiele vraag of dit dan nie beter is om kerklike argiewe te sentraliseer in 'n gebou wat aan die kerk behoort nie. By so 'n gesentraliseerde kerkargief bly die kerk(e) die eienaars, bly die kerk primêre verbruiker, is daar inderdaad voordele vir die navorser en word daar op die wyse konkrete uitdrukking aan die breër kerklike verband gegee. Koste word dan ook tussen sinodes gedeel.
- 'n Skuif na Stellenbosch bring noodwendig ook die groter ongerief van gewoon die afstand mee, maar praktiese reëlings, samewerking tussen deelnemende sinodes (byvoorbeeld ten opsigte van vervoer) en digitalisering kan die ongerief verlig.
- Daar is dus benewens die finansiële, ook ander redes waarom die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning aan die verskuiwing van die Argief na Stellenbosch voorkeur gee.

8. AANBEVELING:

Die Sinode besluit om die Sinodale Argief van die NG Kerk Vrystaat na die Sentrale Argief van die NG Kerk in Stellenbosch te verskuif.

6.3 EENHEID VIR VISIOENERING

Die Eenheid vir Visioenering lê die volgende verslag aan u voor rakende **Kerkorde Artikel 1** se voorgestelde wysiging:

A. VIR KENNISNAME

1. BESLUITE SEDERT 2011 – 'n BONDIGE SAMEVATTING

Die besluite van die Algemene Sinode sedert 2011 en die Vrystaat Sinode 2013 het gelei daartoe die Sinode, kerkrade en lidmate nou besluite moet neem oor die voorgestelde Artikel 1 volgens Artikel 44.1 van die *Kerkorde 2013*. In **2011** het die **Algemene Sinode** besluit:

- “1. **Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse¹ hieroor in werking te stel.**
2. **Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die AS aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar."**

¹ Vergelyk die *Kerkorde*, Artikel 44.1, en die *Reglement vir die Vermeerdering, Kombinerings, Eenwording en Samesmelting van Gemeentes, en vir die Vorming van 'n Nuwe Kerkverband*, pt 6.

3. *Die Algemene Sinode wys daarop dat die NG Kerk in gesprek is met die VGKSA. Die gesprek word gefasiliteer deur die WGGK. In die gesprek word ook aandag gegee aan die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.*
4. *Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om, as deel van die proses, 'n deeglike studie te doen van die historiese, teologiese en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis ten einde die volgende Algemene Sinode en alle kerkvergaderings te adviseer."*

Dié besluite het gelei tot die volgende besluite deur die Vrystaat Sinode 2013:

"Die NG Kerk Vrystaat

1. *verbind haarself tot die kerkordelike proses soos wat dit in Artikel 44 van die Kerkorde (2011) uitgespel is, met die oog op 'n besluit oor die Belydenis van Belhar;*
2. *versoek die Algemene Sinode van die NG Kerk om hierdie kerkordelike proses so spoedig moontlik van stapel te stuur; en*
3. *doen 'n beroep op die Algemene Sinode en alle kerkvergaderings, ook in ringe en gemeentes, om toe te sien dat hierdie proses inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop; eerlik en openhartig; in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue; met 'n opregte gebed dat daar heling in ons kerke sal kom; en in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus."*

Daarna het die Algemene Sinode 2013 die volgende voorstel geformuleer vir voorlegging aan die sinodes, kerkrade en lidmate van die NG Kerk:

- "1. *Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor, vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art. 44 van die Kerkorde: - goedgekeur met tweederde meerderheid*

Kerkorde Artikel 1:

- 1.1 *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.*
- 1.2.1 *Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*
- 1.2.2 *Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.*
- 1.3 *Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.*

(Die nuwe Artikel 1 word van krag, nadat al die sinodes afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én tweederdes van alle Kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het (vergelyk Artikel 44.1 van die Kerkorde) en nadat die Algemene Sinode dit daarna met 'n tweederdemeerderheidstem goedgekeur het (vergelyk Artikel 44.3 van die Kerkorde).

2. *Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.*
3. *Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.*
4. *Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem."*

By elkeen van die bogenoemde besluite het dit gegaan oor die kerkordelike proses(se) wat in Artikel 44 van die Kerkorde uitgespel word. Beide die Algemene Sinode en die Vrystaat Sinode het hulle aan dié proses(se) in

die hantering van die voorgestelde nuwe Artikel 1, verbind. Hiervolgens moet alle kerkrade en sinodes die geleentheid kry om daarvoor te besluit waarna die Algemene Sinode in Oktober 2015 haar besluit sal neem.

2. MODERAMEN VAN DIE VRYSTAAT

Teen die agtergrond van die besluite geneem deur die Algemene Sinode en die Vrystaat Sinode en na aanleiding van navrae ontvang, het die Moderamen in 'n skrywe aan kerkrade en gemeentes gewys op die volgende:

- 2.1 *Die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) het in opdrag van die Algemene Sinode, 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die prosesse bepaal. Dié inligting word nou deurgegee aan die sinodes.*
- 2.2 *Die Moderamen van die Vrystaat het besluit om nie te volstaan met die ontvangs van die voorgestelde Artikel 1 en gepaardgaande inligting en stukke slegs deur die Moderamen nie, maar om eerder 'n Buitengewone Sinodesitting byeën te roep. Tydens dié vergadering neem die Vrystaat Sinode dan die voorgestelde Artikel 1 en alle gepaardgaande inligting en stukke amptelik in ontvangs om dit van dáár af deur te gee aan die kerkrade en gemeentes in ons sinodale gebied vir hulle besluitneming, deur te gee.*
- 2.3 *Die stukke wat deur die ASM voorsien word, bevat riglyne oor hoe die prosesse deur sinodes en plaaslik in gemeentes bestuur moet word. Ons voorsien dat ons by die Buitengewone Sinodesitting dié riglyne sal kan toelig en alle vrae sal kan beantwoord.*
- 2.4 ***Dit is nie die gedagte dat daar by die Buitengewone Sinodesitting 'n besluit "vir" of "teen" die wysiging van Kerkorde Artikel 1 geneem moet word nie. Die Sinode sou ingevolge Artikel 44 dit ook nie kón doen nie. Dit gaan oor 'n voorgestelde nuwe Artikel 1 en die kerkordelike prosesse wat gevolg moet word soos bepaal in Artikel 44 aan die hand van die praktiese riglyne wat voorsien word deur die ASM.***
- 2.5 *Ons gebed is dat die Here in sy genade aan ons die wysheid sal gee dat ons as Sinode en alle kerkrade, soos ons besluit het in 2013 hierdie prosesse inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal laat verloop; eerlik en openhartig; in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue, en in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus.*

Met dié toeligting wou die Moderamen kerkrade en gemeentes daarvan verseker het dat dit die strewe van die Moderamen is om die hele aangeleentheid met groot verantwoordelikheid te hanteer. Kerkrade en gemeentes is versoek om voorbidding te doen vir die vergadering, die voorbereiding daarvoor en alles wat daaruit mag voortvloei.

3. MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (ASM) – STUKKE ONTVANG

3.1 ***Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1***

Die volgende skrywe is ontvang vanaf die ASM:



NEDERDUIJSE GEREFORMEERDE KERK DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528

HATFIELD 0028 SA

Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380

algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

4 Junie 2014

Voorsitters en skribas van die moderamens/ sinodale kommissies/ diensrade van die tien sinodes

Beste kollegas

DIE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

Hierdie korrespondensie kom na u na aanleiding van die besluite van die Algemene Sinode 2013 oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde asook die hantering van die betrokke besluite deur die Moderamen met die oog op verdere hantering deur die kerkverband.

Verder geskied hierdie korrespondensie in uitvoering van Reglement 3 pt 10.2: “Indien die Algemene Sinode beleidsbesluite neem wat opgevolg of in die praktyk uitgevoer moet word, werk die Algemene Sinode deur die samestellende sinodes.”

Die Moderamen was eenstemmig ten opsigte van die intensies wat in hierdie korrespondensie weerspieël word en versoek vriendelik dog ernstig dat dit ook in u korrespondensie aan die kerkverband in u sinodale gebied deurgegee sal word.

Aangesien die eerste sinode reeds teen die einde van Julie 2014 vergader, is dit belangrik dat u met die gemeentes in u sinodale gebied kommunikeer oor hoe u proses voorsien word. So 'n kommunikasie hoef nie nou al oor detail te gaan nie: gemeentes moet net weet hulle prosesse is aan die kom wanneer hulle in die pers verneem van prosesse in ander gebiede.

Die volgende word aan u van die kant van die Moderamen deurgegee vir u hantering en kommunikasie:

1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013

1 Die Algemene Sinode bekragtig die advies van die Algemene Taakspan Regte tov die uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar.

2 Die Algemene Sinode keur die wysiging van Artikel 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 asook al tien die sinodes goedgekeur, sonder verdere verwysing finaal goed.

3 Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art 44 van die Kerkorde:

Kerkorde Artikel 1

1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.

3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die

onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.

5 Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.

6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem.

2. PROSES WAT DIE MODERAMEN GEVOLG HET

2.1 Die Moderamen het 'n projekspan met verteenwoordigers uit elke sinodale gebied aangewys: Chris van Wyk (voorsitter), Johann Ernst (skriba), Jan Lubbe, Immanuel van Tonder, Nico van Rensburg, Frikkie van der Merwe, Johan van der Merwe, Monty Sahd, Jan Woest, André Bartlett, Bootje Booysen, Nelus Niemandt en Kobus Gerber.

2.2 Die projekspan het die kern van die inhoud van hierdie kommunikasie voorberei. Hulle het die Moderamen adviseer oor die tegniese aspekte van die prosesse in die kerkverband asook oor die begeleidende dokumentasie soos stembriewe.

2.3 Dit wat u sinodale gebied dus nou ontvang, het 'n deeglike proses deurloop waarin al die sinodale gebiede se verteenwoordigers 'n konstruktiewe rol gespeel het.

3. BELANGRIKE PERSPEKTIEWE OOR DIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE EN DIE PROSES IN DIE KERKVERBAND

Dit is nodig dat die eie aard van die voorstel om Artikel 1 te wysig en die agtergrond waarteen dit geneem is, deeglik gekommunikeer word. Die volgende word onder u aandag gebring:

3.1 Die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is 'n *konsensus-voorstel* van die Algemene Sinode.

3.2 Die voorstel gee uitdrukking aan die NG Kerk se standpunt oor die wyse waarop Belhar en ander *eietydse belydenisse in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem kan word* (dit verwoord die NG Kerk se kofessionele identiteit).

3.3 Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil die *vryheid aan/ruimte vir lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge* gee om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil eweneens aan lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge die *vryheid/ruimte* gee om nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie. Die voorstel skep dus ruimte na beide kante.

3.4 Die voorstel wil die *eenheid dien en verdeeldheid en skeuring ten alle koste voorkom*.

3.5 Die voorstel *neem die diversiteit in konteks weldeeglik in ag* (dit verskil van sinode tot sinode en ook binne sinodes).

3.6 Die voorstel wil *op geen wyse* lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar, hetsy ten gunste daarvan of daarteen, *dwing nie* (die keuse daarvoor geskied na eie oortuiging en in vryheid).

3.7 Die Algemene Sinode 2013 se besluit oor 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde is die voorstel wat deur lidmate, kerkrade en sinodes goedgekeur moet word alvorens die Algemene Sinode die wysiging van die huidige Artikel 1 dienooreenkomstig kan bekragtig.

3.8 Dit is belangrik om te kommunikeer *dat die proses oor die wysiging van Art 1 van die Kerkorde gaan en nie oor die Belydenis van Belhar per se nie*.

4. DIE GOEDKEURINGSPROSES

4.1 Uitvoering van Art 44.1 en Reglement 24

Kerkvergaderinge gee tydens die goedkeuringsproses uitvoering aan:

*1 Artikel 44.1 van die Kerkorde (2013): *Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het*. Die Moderamen oordeel dat die tweederdemeerderheid van kerkrade verstaan en toegepas moet word as twee derdes van alle kerkrade van die gemeentes wat in verband met die NG Kerk as geheel staan.

*2 Die Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die Voorgestelde Wysiging van Belydenis (Reglement 24 Kerkordeboek 2013). Die Reglement word aangeheg as **Bylaag 1**.

4.2 Die verloop van die proses

4.2.1 Dit is wenslik dat sinodes éérs hulle eie besluite oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 neem alvorens die kerkrade binne 'n bepaalde sinodale gebied hulle eie besluite daarvoor neem. Dit sal help as sinodes, wat by die Algemene Sinode 2013 verteenwoordig was en wie se verteenwoordigers tot die voorstel ingestem het, die gees en inhoud van die voorstel eers na die eie sinode oordra alvorens dit deur die gemeenteverteenwoordigers by die sinode na hulle eie gemeentes uitgedra word.

4.2.2 Kerkrade is kerkordelik verplig om die voorstel aan die lidmate van die gemeente vir hulle instemming voor te lê en hulle finale kerkraadsbesluit in ooreenstemming met die uitslag daarvan te neem.

4.2.3 Die voorstel word vir goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid voorgelê en daar word slegs vir of teen die voorstel gestem.

4.2.4 Konsepstembriewe vir onderskeidelik belydende lidmate, kerkraadslede en afgevaardigdes na die sinodes is aangeheg as **Bylaag 2a, 2b en 2c**.

4.2.5 Dit is eerstens die persoon wat wil stem se verantwoordelikheid om vooraf seker te maak dat sy/haar lidmaatskap van die gemeente in orde is. Gemeentelêde moet vooraf by wyse van die vier weke aankondiging van die gemeentevergadering of andersins gevra word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is.

4.2.6 Die ringe moniteer die uitvoering van die proses in die gemeentes van die ring. Minstens twee verteenwoordigers van die ring, wat nie lidmate van die gemeente is nie, woon die twee kerkraadsvergaderinge asook die gemeentevergadering/stemtelling by. Besware teen die uitvoering van die proses word deur ring of sy gevolmagtigde hanteer. Die waarnemers van die ring sertifiseer aan die einde dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (vgl **Bylaag 3**). Voltooië stembriewe word deur die ring in bewaring gehou totdat daar vanaf die Algemene Sinode via die Sinode kennisgewing ontvang is dat dit vernietig kan word.

4.2.7 Al word daar in 'n bepaalde sinodale gebied nie die vereiste tweederdemeerderheid behaal nie, gaan die proses in die ander sinodale gebiede steeds voort.

4.3 Kworumvereistes

4.3.1 Die kworum vir kerkvergaderinge (kerkraad en sinode) word in terme van die Kerkorde en sinodale bepalinge/reglemente gereël.

4.3.2 Die kworum vir 'n gemeentevergadering is die aanwesige lede, op voorwaarde dat daar op die voorgeskrewe wyse behoorlik kennis van die gemeentevergadering gegee is.

4.3.3 Wanneer die instemming van lidmate sonder 'n gemeentevergadering persoonlik van die belydende lidmate van die gemeente gekry word, is daar nie 'n kworumvereiste nie. Kworums is vir vergaderings, nie vir individuele stemmings nie. Die uitslag word bepaal deur die stembriewe te tel wat teen die keurdatum terug ontvang is.

4.4 Stemproses

4.4.1 Stemming geskied op die geslote stemwyse. Die voltooië stembrief en die persoon wat dit voltooi het, mag nie met mekaar in verband gebring word nie. Slegs die getal en persentasie ten gunste of teen die voorstel word per gemeente/kerkraad deur die ring bekend gemaak en op die voorgeskrewe vorm aan die sinodale kantoor deurgegee. Sinodes gee by ontvangs die uitslag van die stemming aan die Kantoor van die Algemene Sinode deur.

4.4.2 Sperdatums vir die stemming moet gestel word. Die Moderamen oordeel dat sinodes nie later nie as 15 Mei 2015 hulle besluit neem. Dit laat nog enkele maande vir kerkrade om hulle besluit te neem sou sinodes kies om eers self te besluit en daarna die gemeentes te laat stem. Omrede die Algemene Sinode DV weer in Oktober 2015 vergader, moet die uitslag van die gemeentelike stemming die Algemene Sinode nie later nie as 15 September 2015 bereik nie. Die sinodes of hulle gevolmagtigdes kan dus na goeie denke en met inagneming van die eie omstandighede die sinode se eie stemming en die stemming van die

gemeentes in die sinodale gebied reël, op voorwaarde dat daar aan die sperdatums voldoen word. Dit beteken dat daar steeds ruimte gelaat word dat gemeentes eers besluit alvorens die sinode tot 'n besluit kom. Dokumentasie met die oog op die sinodale en gemeentelike stemming word daarom teen einde Mei 2014 aan die sinodes beskikbaar gestel.

4.4.3 Sinodes wat beplan het om hulle volgende gewone sitting eers ná die Algemene Sinode in Oktober 2015 te hou, word gevra om nie later nie as 15 Mei 2015 'n buitengewone vergadering te hou, tensy die gemeentelike stemming eers gehou word. Stem die gemeentes eers, kan daar met die buitengewone vergadering tot die laatste 15 Augustus 2015 gewag word.

4.4.4 Die instemming van lidmate kan op elektroniese stemwyse verkry word, op voorwaarde dat die persoon wat die stembrief indien, nie met die stemkeuse verbind kan word nie. Waarskynlik sal daar eers elektronies geregistreer moet word (en die persoon se lidmaatskap gekontroleer moet word), waarop 'n kode en toegang tot 'n spesiale webblad voorsien word, die stembrief daarop voltooi word en dit sonder verwysing na die persoon se naam versend word. Stembriewe kan ook elektronies by wyse van elektroniese verwerking getel word mits die uitslag later kontroleerbaar is. Dit word aan die diskresie van sinodes/kerkrade oorgelaat om hieroor te besluit.

4.4.5 Die uitslag van die stemming kan eers na die gemeentevergadering bekend gemaak word op voorwaarde dat die uitgebragte stemme in veilige bewaring gehou word en slegs oopgemaak en getel mag word in die teenwoordigheid van die ring se waarnemers. Oorweging moet geskenk word om geslote, veilige houers daarvoor te voorsien.

4.5 Geloofwaardigheid van die proses

4.5.1 Die geloofwaardigheid van die proses moet ten alle koste en te alle tye verseker word. Hiervoor sal veral die ringe, wat nie as kerkvergadering aan die stemproses deelneem nie, moet sorg.

4.5.2 Naas die ringe moet die sinodes se regs- of kerkordekommissies gevra word om met die bestuur van die proses behulpsaam te wees. Alles moontlik moet gedoen word om die nadraai van uitgerekte appëlle en regsaksies te voorkom.

4.5.3 Dit is 'n kerklike proses wat op 'n kerklike wyse moet verloop. Gesprek oor die proses en die voorgestelde nuwe Artikel 1 moet binne die Kerk gevoer word. Stemmingmakery in die openbare pers of op die sosiale media moet afgewys word. Lidmate moet vry wees om by wyse van persoonlike korrespondensie navrae te rig en selfs kommer te opper. Dit moet sonder verdagmaking, eerlik en op liefdevolle wyse geskied. Eerbare pogings om verskille uit die weg te probeer ruim, moet aangemoedig word. Die reg om te mag verskil, moet deurentyd gehandhaaf word.

4.5.4 Die beroep van die Algemene Sinode op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem, moet deurentyd ernstig opgeneem word.

4.6 Tydsraamwerk

4.6.1 Die tydsraamwerk, soos deur die Moderamen vasgestel, is soos volg:

* 31 Maart 2014

Sinodes gee terugvoering aan die projekspan oor watter inligting en steun hulle benodig om die proses vlot te laat verloop.

* 31 Mei 2014

Dokumentasie met die oog op die sinodale en gemeentelike stemming word aan sinodes beskikbaar gestel.

* Junie 2014 tot April 2015

Kerkrade voltooi die proses in gemeentes waar sinodes besluit om eers die kerkrade se besluit te kry alvorens die sinode besluit. Terugvoer vanaf ringe na sinodes nie later nie as 14 dae nadat die stemming in al die gemeentes binne die ringsgebied afgehandel is.

* 15 Mei 2015

Keerdatum vir sinodes om besluit te neem.

* 15 Augustus 2015

Keerdatum vir kerkrade om 'n besluit te neem. Terugvoer vanaf ringe na sinodes nie later nie as 14 dae nadat die verkiesing in al die gemeentes binne die ringsgebied afgehandel is.

* 15 September 2015

Keerdatum vir sinodes om eie besluit en kerkrade se besluite aan die Kantoor van die Algemene Sinode te besorg.

* Oktober 2015

Algemene Sinode vergader.

4.7 BEWOORDING VAN DIE VOORSTEL AAN SINODES EN GEMEENTES

Die bewoording van die voorstel verskyn op die aangehegte voorbeelde van KONSEPSTEMBRIEWE (Bylaag 2a, 2b en 2c).

4.8 HULP TEN OPSIGTE VAN DIE PROSESSE IN U GEBIED

4.8.1 Die *lede van die Projekspan* wat met hierdie opdrag gewerk het asook die lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode is tot u beskikking met die oog op advies en fasilitering. Kontak asseblief vir dr. Kobus Gerber of Chris van Wyk in die verband.

4.8.2 Daar is *oortrukkings materiaal* beskikbaar vir lees en studie. Kyk asseblief **Bylaag 4** in die verband.

4.8.3 Daar word verder beplan om 'n spesiale uitgawe van *Kerkbode* aan die saak en gepaardgaande prosesse te wy. Die moontlikheid word ondersoek om dit moontlik te maak dat elke sinodale gebied 'n unieke uitgawe in die verband sal kan uitgee op koste van die sinode. U sal binnekort meer inligting hieroor ontvang.

4.8.4 'n Baie *kort DVD* met insette van 'n wye verskeidenheid rolspelers word gereed gemaak ten einde u met kommunikasie behulpsaam te wees. Inligting hieroor kom ook binnekort.

4.8.5 'n Bondige *Vraag-en-Antwoord-blad* word ook eersdaags aan u voorsien.

4.9 ONS BID VIR U!


Die Moderamen wil u werklik verseker van ons voorbidding. Ons besef terdeë wat die proses van u sal vra. Ons dra u en die gemeentes in u gebied aan die Here op.

Baie dankie by voorbaat vir u noukeurige aandag aan bogenoemde.

Enige navraag is te enige tyd meer as welkom: alles sal in werking gestel word om dit vir u maklik te maak.

Die Here se seën word u toegebid

Vriendelike groete



Dr JJ Gerber

Algemene Sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

Bogenoemde skrywe is vergesel van die volgende **bylaes**:

3.2 Reglement 24 (Bylaag 1) - BI 21

3.3 Konsepstembrief Belydende Lidmate (Bylaag 2a) - BI 22

3.4 Konsepstembrief Kerkraadslede (Bylaag 2b) - BI 23

3.5 Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes (Bylaag 2c) - BI 24

3.6 Ringsmonitering (Bylaag 3) - BI 25

3.7 Gereedskapskis en materiaal (Bylaag 4) - BI 26

B. VIR GOEDKEURING

AANBEVELINGS:

Die Sinode

1. keur die optrede van die Moderamen goed (vergelyk A, punt 2 in dié verslag);
2. neem kennis van die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* met die aangehegte bylaes;
3. besluit dat die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde eers voorgelê sal word aan kerkrade en gemeentes vir besluitneming en dat die Sinode daarna 'n Buitengewone Sinodesitting sal hou waartydens hy sy eie besluit(e) sal neem;
4. gee die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* met die aangehegte bylaes, deur aan kerkrade en ringe met die versoek dat elke kerkraad en ring deeglik kennis sal neem van die volledige inhoud van die skrywe en alle bylaes en, met inagneming van plaaslike omstandighede, uitvoering gee aan die voorgestelde prosesse;
5. versoek kerkrade om in die hantering van die voorgestelde Artikel 1, die deurgee van inligting en die daaropvolgende besluitnemingsprosesse, sorg te dra dat die waardes waartoe die Sinode hom in 2013 verbind het, deurentyd gehandhaaf word, naamlik dat hierdie proses *inklusief, gebalanseerd en vry van dwang sal verloop; eerlik en openhartig; in 'n gees van onderlinge liefde, respek en vertroue; met 'n opregte gebed dat daar heling in ons kerke sal kom; en in gehoorsaamheid aan die Woord en Gees van Christus* (vergelyk die besluit Vrystaat Sinode 2013);
6. versoek ringe om sover dit moontlik is toe te sien dat in alle ringsgemeentes dié waardes toegepas sal word, wat onder andere beteken dat inligting nie eensydig deurgegee word nie, maar volledig sodat kerkrade en lidmate behoorlike deurdagte en ingeligte besluite kan neem;
7. versoek kerkrade en ringe om nougeset toe te sien dat die prosesse kerkordelik korrek hanteer word aan die hand van die riglyne wat vervat is in die skrywe en bylaes van die ASM;
8. beveel aan dat vir die stemming van lidmate, daar eerder gebruik gemaak word van stembriewe en nie elektroniese stemming nie;
9. besluit om op die *Konsepstembrief Belydende Lidmate* 'n ruimte (blokkie) te skep waarbinne die gemeentestempel aangebring moet word voor/met die uitreiking van die stembrief aan lidmate;
10. vestig kerkrade se aandag op die volledige bewoording van die *Konsepstembrief Belydende Lidmate* aangesien lidmate daarmee instemming verleen/nie verleen nie met *die voorstel van die betrokke kerkraad*;
11. wys kerkrade en ringe daarop dat, indien nodig, verdere navrae gerig kan word aan die Algemene Sekretaris, NG Kerk, Posbus 13528, Hatfield, 0028 of u kan u navraag epos aan die Algemene Sekretaris, algemenesinode@ngkerk.org.za;
12. vestig kerkrade se aandag op *Kerkbode*, 1 Augustus 2014, wat in geheel gewy word aan die NG Kerk se belydenisgrondslag en die voorgestelde Artikel 1 van die Kerkorde; en
13. stel die volgende tydsraamwerk vas:
 - 13.1 29 Julie 2014: Buitengewone Sinodesitting waartydens die ASM se *Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1* met die aangehegte bylaes in ontvangs geneem word en deurgegee word aan kerkrade en gemeentes vir verdere hantering en besluitneming.
 - 13.2 Derde kwartaal 2014: Deurgee van inligting aan kerkrade en lidmate in elke gemeente. Dit kan onder andere geskied by wyse van die beskikbaarstelling van inligtingsmateriaal, inligtingsbyeenkomste in gemeentes, dorpe/stede, streke, ringe, ens. Gelyktydig word ringe ingelig en toegerus vir hulle rol sodat hulle kan besluit oor die wyse waarop hulle hulle rol sal vervul met inagneming van plaaslike omstandighede, bv. die aanwys van verteenwoordigers, die koördinering van vergaderdatums, ens. 'n Skriftelike verslag word aan die begin van September voorgelê aan die Moderamen.
 - 13.3 Vierde kwartaal 2014: Stemming deur kerkrade en lidmate. Dit behels die volgende: die hou van kerkraadsvergaderings waartydens kerkrade hulle besluite neem, gemeentede wat vooraf by

wyse van die vier weke aankondiging van die gemeentevergadering of andersins gevra word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is, stemming deur die gemeentelede, 'n tweede kerkraadsvergadering waartydens kerkrade hulle finale besluit neem in ooreenstemming met die uitslag van die stemming van die gemeentelede, die finale besluit van die kerkraad wat vir 'n verdere twee Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word. Ringe/hulle gevolmagtigdes moniteer die hele proses en lewer skriftelik verslag op die voorgeskrewe vorm (bylaag 3). Die verslag moet voor/op 5 Desember 2014 besorg word aan die skriba van die Moderamen.

- 12.4 Eerste kwartaal 2015: Hantering van appèlle (indien enige) in Januarie en Februarie 2014. Buitengewone Sinodesitting waartydens die Sinode sy eie besluit(e) neem (die Moderamen finaliseer die datum waarop die Buitengewone Sinodesitting sal plaasvind).
- 12.5 31 Maart 2015: Keerdatum vir die Sinode om sy eie besluit en kerkrade se besluite aan die Kantoor van die Algemene Sinode te besorg.

Ds Helgard Janse van Rensburg (Voorsitter: Moderamen)

Dr Carin van Schalkwyk (Skriba: Moderamen)

C. BYLAES

REGLEMENT 24

**REGLEMENT VIR DIE PROSEDURE WAT GEMEENTES VOLG BY DIE
VOORGESTELDE WYSIGING VAN BELYDENIS**

1. Die kerkraad lê sy aanbeveling oor die voorstel van die Algemene Sinode oor die wysiging van belydenis eers aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit weer op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.
2. Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:
 - 2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier (4) agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.
 - 2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.
 - 2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien (14) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.
 - 2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys.
3. Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.
4. Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEM BRIEF VIR BELYDENDE LIDMATE
VAN DIE GEMEENTE _____ (Naam van gemeente)
SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
- 2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
- 2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

Die Kerkraad van die Gemeente het tydens 'n kerkradsvergadering gehou op besluit om die instemming van die Gemeente te verkry vir die Kerkrad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkradsvergadering goedgekeur word/nie goedgekeur word nie.

VRAAG

Verleen u as belydende lidmaat van die Gemeente u instemming met die voorstel van die Kerkrad?

[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA **NEE**

----- Skeur af -----

Voorname en Van: _____ **ID Nummer:** _____

KONSEPSTEMBRIEF

**AMPTELIK STEMBRIEF VIR KERKRAADSLEDE
VAN DIE GEMEENTE _____ (Naam van gemeente)
SINODE _____ (Naam van sinode)**

Huidige Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
- 2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
- 2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

VRAAG

Verleen u as Kerkraadslid van die gemeente u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA **NEE**

----- Skeur af -----

Voorname en Van: _____

KONSEPSTEMBRIEF

**AMPTELIK STEM BRIEF VIR AFGEVAARDIGDES
NA DIE VERGADERING VAN DIE
SINODE _____ (Naam van sinode)**

Huidige Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
- 2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
- 2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

VRAAG

Verleen u as afgevaardigde na die vergadering van die Sinode u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA **NEE**

----- Skeur af -----

Voorname en Van: _____

RINGSMONITERING

VOORGESTELDE WYSIGING: ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

GEMEENTE _____
RING VAN _____
SINODE _____

Die Ring/Ring se gevolmagtigde het die ondergetekendes in terme van die *Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die voorgestelde Wysiging van Belydenis* aangewys om die stemmingsproses in bostaande gemeente te monitor. Die ondergetekendes bevestig hiermee aan die Sinode en die Algemene Sinode die volgende:

1. Die Kerkraad het op wettige wyse vergader en *besluit* om die instemming van die Gemeente te verkry vir die Kerkraad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word/nie goedgekeur word nie (*skrap wat nie van toepassing is nie*).
2. Die Kerkraad het die instemming vir sy *besluit* per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel/per geslote stembrief wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die Kerkraad aan elke belydende lidmaat van die Gemeente beskikbaar gestel het en waarvoor minstens veertien dae na ontvangs toegelaat is vir die inhandiging van die stembrief (*skrap wat nie van toepassing is nie*).
3. Die stemming het op ordelike en geslote wyse plaasgevind en die Ring se verteenwoordigers was teenwoordig toe die stemme getel is.
4. Die instemming van twee derdes van die lidmate wat hulle stemme uitgebring het vir die Kerkraad se voorstel is verkry/nie verkry nie (*skrap wat nie van toepassing is nie*).
5. Die Kerkraad het sy besluit met 'n tweederdemeerderheidstem gefinaliseer, naamlik: "Die Kerkraad besluit om die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* goed te keur/nie goed te keur nie" (*skrap wat nie van toepassing is nie*) (laasgenoemde is van toepassing indien 'n tweederdemeerderheid nie van die Gemeente én die Kerkraad verkry kon word nie).
6. Die finale besluit van die Kerkraad is op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê en geen besware is ontvang nie/besware wat ontvang is, is op kerkordelike wyse uit die weg geruim (*skrap wat nie van toepassing is nie*).

Handtekening: _____

Volle name: _____

Datum: _____

GEREEDSKAPSKIS MET MATERIAAL MDO OP DIE BELYDENIS VAN BELHAR

1. TOEGANKLIKE WEBWERF

Die webwerf www.belydenisvanbelhar.co.za bevat alle materiaal in hierdie bylaag genoem asook kort films en ander oudiovisuele materiaal. Dit is meer as 'n gereedskapkis: dit is 'n skatkis!

2. CD EN BOEKIES BY BYBELMEDIA BESKIKBAAR

Die “gereedskapkis” en boekies wat tydens die Algemene Sinode 2013 bekendgestel en beskikbaar gestel is, is by Bybelmedia beskikbaar. Kontak hulle gerus.

3. ENKELE BELANGRIKE ITEMS BESKIKBAAR

3.1 Die Belydenis van Belhar en die Begeleidende Brief

Die Begeleidende Brief by die Belydenis van Belhar word altyd saam met die belydenis gelees. Dit is op die CD en die webtuiste beskikbaar.

3.2 Hulpmiddels vir gesprekvoering in sinodes, kerkrade en kleingroepe

Daar is twee boekies beskikbaar wat gebruik kan word. Beide is in Afrikaans en Engels beskikbaar:

3.2.1 *Belydenis van Belhar – in gesprek met mekaar*

Die eerste boek is vir sinodes, kerkrade en gemeentes gemik op 'n grootgroep-gesprek. Dit is ook in Engels beskikbaar. Daar is ook 3 kort films om terselfdertyd te gebruik.

3.2.2 *Leef Belhar*

Die tweede boek is vir kleingroepe wat met ander lede van die NG Kerkfamilie vir 5 weke op reis wil gaan om saam te leer hoe om met Belhar te leef. Die boekie is ook in Engels beskikbaar as *Living Belhar*.

3.3 Taakspanbydraes

Belydenisvorming is iets seldsaam. So is die Belharbelydenis die eerste nuwe belydenis in die kerke van Nederlandse oorsprong sedert 1618-19 toe ons huidige drie belydenisskrifte in 'n wyer kring aanvaar is. 'n Belydenis ontstaan wanneer die kerk die waarheid opnuut moet uitwys en artikuleer. Dit doen sy dmv 'n belydenis.

Belydenisdokumente was in die geskiedenis van beslissende belang in Gereformeerde kerke se pogings om telkens weer uitdrukking te gee aan hul eie verstaan van die evangelie vir hulle spesifieke tyd en omstandighede.

Die taakspan vir die Belydenis van Belhar het verskeie bydraes ontvang om hulle te help om hieroor na te dink. Omdat dit verskillende perspektiewe verteenwoordig, plaas ons dit onveranderd ter wille van gesprekvoering.

3.3.1 *Die Belydenis van Belhar in ons stukkende wêreld*

Die Belydenis van Belhar het binne 'n stukkende Suid Afrika ontstaan uit die harte van mense wat stukkend was. Dit spreek die toestand van ons land aan in terme van eenheid, versoening en geregtigheid. Leraars, kerkrade, gemeentes, ringe en sinodes word daarom gevra om die Belydenis van Belhar ernstig te bestudeer saam met die Woord sodat die kerk saam kan praat oor wat die kerk te sê het in 'n tyd soos hierdie.

3.3.2 *Belydenisvorming en die Belydenis van Belhar*

In hierdie dokument word vanuit die hoek van die unieke aard van belydenisvorming gekyk na die groter historiese aanloop tot die Belydenis van Belhar. Die inhoud daarvan word aan

die Skrif, die ander belydenisskrifte asook Kerk en Samelewing gemeet. 'n Sterk saak word uitgemaak daarvoor dat Belhar nie Bevrydingsteologie is nie, maar Gereformeerde teologie wat die sola gratia van die regverdigingsleer konsekwent wil deurdink en deurlief tot 'n etiek van barmhartigheid, spesifiek binne die konteks van die geregtigheidsvraag.

3.3.3 *Belhar as ons gesamentlike belydenis vir vandag*

Hierdie dokument brei uitvoerig uit oor die Storie van Belhar (ontstaan, inhoud en ontvangs), Belhar en die Bybel (uitleg van die inhoud van die 5 artikels), agt algemene Vrae en Antwoorde en 'n positiewe evaluering van Belhar as ons gesamentlike belydenis vandag, nie net nodig vir nou nie, maar vir alle tye. Onreg en vyandskap, magsug en hebsug, is immers inherent deel van alle kontekste en latent aanwesig in die psige van alle volkere, nasies en lande. Hoe meer Christene hulle met hierdie belydenis as relevante kontekstuele uitdrukking van die Evangelie van Jesus Christus kan vereenselwig, soveel te meer sal daar hoop wees vir vreedsame naasbestaan – hoop vir alle mense.

3.4 Akademiese bydraes

Daar is heelwat akademiese bydraes die afgelope jare gepubliseer, weereens met verskillende perspektiewe. Dit is ook op die CD en die webtuiste geplaas ter wille van gesprekvoering. Daar altesaam meer as 70 bronne wat gebruik kan word!

Die volgende is enkele van die belangrikste:

1. **Belydenis, kerkverband en Belhar** - PJ Strauss NGTT DEEL 46 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2005
2. **The history of Belhar** - JC Adonis NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
3. **Barmen to Belhar – A contemporary confessing journey** - HR Botman NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
4. **Oor die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar** - DJ Smit 'n BLIK OP EENHEID, VERSOENING EN GEREGTIGHEID 1986 EN 2011 - Departemente Ekklesiologie en Dogmatiek, Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat 2011
5. **Historical overview of the Barmen Theological Declaration of 1934** - W Krötke NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
6. **Barmen and Belhar in conversation – a German perspective** - W Krötke NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
7. **Can justice be embodied in sexist language? A challenge to the Confession of Belhar** - C Landman NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
8. **Barmen and Belhar in conversation – a South African perspective** - DJ Smit NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
9. **Die Ou Testament en die Belydenis van Belhar (1986)** - SD Snyman NGTT DEEL 47 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2006
10. **Reconciliation and the Confession of Belhar (1986). Some challenges for the Uniting Reformed Church in Southern Africa** - NN Koopman NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
11. **On violence, the Belhar Confession and human dignity** - N Koopman NGTT Deel 49 Nommers 3 & 4 SEPTEMBER en DESEMBER 2008
12. **Was the Belhar Confession a rejection of Modern Protestant Theology? Invoking the past as a shield for the future** - RS Tshaka NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
13. **On not abandoning church theology: Dirk Smit on church and politics** - SM De Gruchy NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
14. **Eenheid in die NG Kerkfamilie: 'n kerkhistories-kerkregtelike benadering** - PJ Strauss NGTT DEEL 48 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2007
15. **Bevry om te bely en te beliggaam 'n Ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA** - LB van Rooi NGTT DEEL 48 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2007 Liberated to Confess and Embody. An Ecclesiological reflection of the church order of the URCSA.

16. **Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se herenigingsgesprek -**
De Beer, JM & Van Niekerk, AS NGTT Deel 50 Nommers 1 & 2 MAART en JUNIE 2009
17. **Kerkgrip, Belydenis en Kerkorde in die Kerkherenigingproses van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika -** HJ Kleynhans – Opsomming (D Th 2009)
18. **Die veranderende wêreld in die NG Kerk -** Dr Hannes Schulz
19. **DIE KONSEP-BELYDENIS VAN DIE NED. Geref. SENDINGKERK -** W D Jonker

7. AFSLUITING

Ds Helgard Janse van Rensburg sluit die vergadering af.